Ouderdom:
Tema: **Bekering**
Teks: **Miga 6:8,** Joh. 8:31,34,36, Matt 4:1-11, Matt 16:18

BEKERING: AKTIWITEITE
(Uit: Quick Group Devotions for Children's Ministry)

Dit word weer winter. Tyd vir buite speel, raak nou minder. Ongelukkig bly ons kinders se energie dieselfde en neem selfs toe! Kom ons hou hulle lekker besig en omskep die kriewels in 'n geestelike ervaring.

1. WAT GOD VRA
Een kind sit op 'n stoel. Hy is die koning.
Die ander kinders is die onderdane. Hulle word in twee groepies verdeel. Die twee groepe stel woorde of dade voor wat wys dat hulle omgee vir ander mense. As hulle iets voorstel, dan glimlag die koning. Die twee groepies besluit nou watter dinge die koning ongelukkig sou maak.
Vra nou: Wat maak God gelukkig? Na hulle menings, lees Miga 6 : 8. Bespreek die inhoud en vergelyk dit met hul eie antwoorde.
Bid saam. (Here, ons doen dikwels nie wat U van ons vra nie. Ons maak U ongelukkig. Ons vergeet om mekaar te help, om vir ander om te gee. Open ons oë vir ander se nood. Help ons om u beter te dien en U getuie te wees.)

2. SONDE HOU MENS VAS
Hulpmiddels: Verbande of tou of breë kleefband.
Laat kinders mekaar vasbind sodat hul beweging en selfs hul praat en sien beperk is.

Gee nou vir hulle eenvoudige opdragte om uit te voer (veral positiewe Bybelverse.)
Lees nou **Johannes 8 : 31 en 34.**
Die Bybel leer ons dat sonde ons so bind, dat ons nie die goeie wat God wil hê ons moet doen, kan doen nie.

Hoe kom ons vry van sonde? Johannes 8: 36.

Variasie: Laat elke kind op strokies papier neerskryf wat hy die afgelope week verkeerd gedoen het. Vou die strokies se punte na mekaar toe om 'n ring te vorm. Maak 'n ketting van elke ring.
Lees **Johannes 8 : 31 en 34 en dan 36.**
Laat elke kind sy eie skakeltjies losmaak. Sê: So bevry God ons ook as ons ons sondes bely en in Hom glo. Elke kind neem nou sy strokies huis toe en gaan bely sy verkeerde dade en gedagtes.

3. EK BID VIR ANDER
Hulpmiddels: Rolletjie toiletpapier. Stuur die rolletjie in die kring om. Elkeen kan vir hom soveel toiletpapier afrol soos hy wil. Gee kans dat elkeen sy velletjies by die geperforeerde deeltjies lostrek. Laat elkeen sê hoeveel strokies hy het.

Gesels oor voorbidding. Laat elkeen op sy velletjies een persoon of saak opskryf vir wie hy in die komende week gaan bid. Laat elkeen syne hardop vir die groep sê.
(Die aktiwiteit kan ook vir ander onderwerpe gebruik word)

4. DIE VERSOEKING IS BAIE

Hulpmiddels: Drie groot velie koerantpapier (of ander), drie koki's en 'n Bybel, wondergom.
Plaas die, drie velle papier op die grond. Verdeel die groep in drie. Gee vir elke groep een tema:
Skool / of Vriende / of Familie.
Laat elke groep 'n lys maak van sondes en versoekings waarmee hulle op die terrein te doen kry.
Plak dit op. Bespreek dit. Lees nou Matteus 4 : 1-11.

Wat leer Jesus ons van versoekings?
Hoekom kon Hy nee sê vir versoekings? Het jy al nee gese? Hoekom is dit moeilik om nee te sê?
SLOT
Met Jesus in ons lewe, kan ons versoekings weerstaan.
Skeur nou die versoekings op. Vorm balletjies en hou 'n papiergeveg.

5. JESUS IS MY ROTS

Hulpmiddels: 'n Gladde klip vir elke kind, ongeveer die grootte van 'n vuis, 'n kwas en verf of koki's; koerant om op te werk.
Laat die kinders in 'n sirkel sit, elkeen met sy klip, koerant en verfgoed.
Lees Matteus 16 : 18.
God bou Sy kerk. Vir Petrus sê Jesus dat sy kerk gebou word op die belydenis van Sy gelowiges. Wat is hierdie belydenis – dat hulle in Christus Jesus glo as hul Verlosser. Ook ons deel hierdie geloof.

Laat elke kind sy naam op sy klip verf of skryf, asook Matteus 16:18.

Bespreek: Hoe kan ons God se kerk help bou en in stand hou? Pak al die klippe op een hoop. Bid saam dat hulle, nes Petrus, aan Jesus sal vashou.